Die Tweede Bylae van die bevele afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 85 van 15 Januarie 1943, word hierby gewysig deur die skrapping van paragrawe 22, 24, 25 en 27 daarvan.

✱ No. 855.] [30 April 1954.

CHICORY CONTROL SCHEME.

NOMINATION AND ELECTION OF PERSONS FOR APPOINTMENT AS PRODUCER MEMBERS OF THE CHICORY CONTROL BOARD.

Producers of chicory resident in the area comprising the Magisterial Districts of Alexandria, Albany, Bathurst, East London, Peddie and Port Elizabeth and qualified to vote in terms of the Chicory Control Scheme, published by Proclamation No. 335 of 1939, as amended, are hereby invited in terms of section 3 (1) (*a*) of the said Scheme to submit nominations of three candidates for the election of persons to be appointed as members of the Chicory Control Board to represent producers of chicory in the place of Messrs. J. M. Neave, H. E. Green and F. J. Dixon whose term of office will expire on the 17th June, 1954.

Nominations must be lodged with the Magistrate, Alexandria, not later than 12 noon on the 3rd May, 1954.

All nominations must be made on the prescribed nomination form which may be obtained from the Secretary, Chicory Control Board, P.O. Box 41, Alexandria.

No candidate shall be deemed to be duly nominated unless nominated by not less than five producers, registered in terms of section 18 of the said Scheme, entitled to vote.

Further, notice is hereby given, in terms of section 4 (1) (*b*) of the said Scheme, that, in the event of more than three persons being nominated for election and appointment as aforesaid a meeting of producers who are entitled to vote will be held at 10 a.m. on the 19th May, 1954, in the Masonic Lodge, Alexandria, to elect three of the persons thus nominated for appointment as members of the Chicory Control Board.

In order to be entitled to nominate or to vote a person must be registered with the Chicory Control Board as a producer of chicory.

Only one person—director, secretary or manager—may vote on behalf of a company.

Only one member of a partnership, joint venture or other association may vote on behalf thereof.

Voting by proxy shall not be allowed.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

✱ No. 861.] [30 April 1954.

REVISED DAIRY CATTLE IMPROVEMENT AND GENERAL MILK RECORDING SCHEME.

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has withdrawn the scheme relating to the official testing and recording of the milk production of cows, as made known in Government Notice No. 1430 of the 6th September, 1940, and has substituted therefor the scheme of which particulars are contained in the Schedule hereto, with effect from the 1st May, 1954.

SCHEDULE.

PURE-BRED REGISTERED COWS.

1. Owners of pure-bred registered cows, which shall include all animals registered in the South African Studbook or other recognised South African or overseas Herdbook, entering cows for the official test will be required to submit all such cows to an official forty-eight hours' test by the department's official milk recorder once every thirty days.

2. The following scale of fees will be charged to a breeder who agrees to enter his herd for the official test and who undertakes to comply with the conditions laid down in regulation 3, viz.—

(*a*) The minimum charge to visit a breeder shall be 30s. per visit, which shall entitle him to have up to ten cows tested at the same time on the same premises.

✱ No. 855.] [30 April 1954.

SIGOREIREËLINGSKEMA.

BENOEMING EN VERKIESING VAN PERSONE VIR AANSTELLING AS PRODUSENTE LEDE VAN DIE SIGOREI-BEHEERRAAD.

Produsente van sigorei wat woonagtig is in die gebied bestaande uit die magistraatsdistrikte Alexandria, Albany, Bathurst, Oos-Londen, Peddie en Port Elizabeth en geregtig is om te stem kragtens die Sigoreireëlingskema, afgekondig by Proklamasie No. 335 van 1939, soos gewysig, word hierby kragtens artikel 3 (1) (*a*) van genoemde Skema versoek om drie kandidate te benoem vir aansteling as lede van die Sigorei-beheerraad om produsente van sigorei te verteenwoordig in die plek van die here J. M. Neave, H. E. Green en F. J. Dixon wie se ampstermyn op 17 Junie 1954 verstryk.

Benoemings moet nie later as 12-uur middag op 3 Mei 1954 by die Magistraat, Alexandria, ingedien word nie.

Alle benoemings moet geskied op die voorgeskrewe benoemingsvorm wat verkrygbaar is by die Sekretaris, Sigorei-beheerraad, Posbus 41, Alexandria. Geen kandidaat word geag behoorlik benoem te wees nie, tensy hy benoem is deur minstens vyf produsente wat geregtig is om te stem en ingevolge artikel 18 van die Skema geregistreer is.

Voorts word hierby kragtens artikel 4 (1) (*b*) van genoemde skema kennis gegee dat ingeval meer as drie persone soos voornoem vir verkiesing en aanstelling benoem word, 'n vergadering van stemgeregtigde produsente gehou sal word om 10-uur vm. op 19 Mei 1954 in die Vrymesselaarsaal, Alexandria, om drie van die persone aldus benoem te verkies vir aanstelling as lede van die Sigorei-beheerraad.

Om geregtig te wees om te benoem of om te stem, moet 'n persoon as 'n produsent van sigorei by die Sigorei-beheerraad geregistreer wees.

Slegs een persoon—'n direkteur, sekretaris of bestuurder—kan namens 'n maatskappy stem.

Slegs een lid van 'n vennootskap, gesamentlike onderneming of ander vereniging kan namens so 'n liggaam stem.

Stemmig by volmag word nie toegelaat nie.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

✱ No. 861.] [30 April 1954.

HERSIENE MELKBEESVERBETERING- EN ALGEMENE MELKAANTEKENINGSKEMA.

Vir algemene inligting word hierby bekendgemaak dat die Minister van Landbou die skema in verband met die amptelike toetsing en aantekening van die melkproduksie van koeie, soos bekendgemaak in Goewermentskennisgewing No. 1430 van 6 September 1940 ingetrek en met ingang van 1 Mei 1954 vervang het deur die skema waarvan die besonderhede vervat is in die Bylae hiervan.

BYLAE.

OPREGGETEELDE GEREGISTREERDE KOEIE.

1. Die eienaars van opreggeteelde geregistreerde koeie—waaronder alle diere val wat geregistreer is in die Suid-Afrikaanse Stamboek of ander erkende Suid-Afrikaanse of oorsese Kuddeboek—wat koeie vir die offisiële toets inskryf, moet alle sodanige koeie eenmaal elke dertig dae laat onderwerp aan 'n offisiële toets van agt-en-veertig uur deur die Departement se Offisiële Melkaantekenaar.

2. 'n Teler wat toestem om sy kudde vir die offisiële toets in te skryf en wat onderneem om die voorwaardes gestel in regulasie 3, na te kom, moet volgens onderstaande skaal betaal:—

(*a*) Die minimum bedrag vir 'n besoek aan 'n teler is 30s. per besoek, en dit gee die teler die reg om tot tien koeie tegelyk op dieselfde perseel te laat toets.

(*b*) When more than ten but not more than twenty cows belonging to the same owner are being tested at the same time and on the same premises, the charge for testing the first ten cows shall be as provided under (*a*) and for each additional cow 2s. 6d. per visit.

(*c*) When more than twenty cows are being tested at the same time and on the same premises, the charge for testing the first twenty cows shall be as provided under (*a*) and (*b*), and for each additional cow 2s. per visit.

(*d*) Breeders who have entered their pure-bred herd for official test and are also desirous of having all their unregistered or grade cows tested at the same time and on the same premises will be charged the fees prescribed under (*a*), (*b*) and (*c*) in the case of registered cows and 6d. per unregistered or grade cow per visit. Only a twenty-four hours' test will, however, be taken of such unregistered or grade cows.

3. All breeders wishing to avail themselves of the service provided in the foregoing regulation will be required to sign a statement, when applying to have their herd tested, undertaking to comply with the following conditions, viz.—

(*a*) Every cow in the herd must be officially tested and recorded each time she calves: Provided that exemption may be obtained from the Chief of the Division of Animal Husbandry on the recommendation of the animal husbandry officer in control of milk recording in that area, in respect of cows suffering from sickness or accident or for other special reasons which, in the opinion of such officer, constitute sound and valid grounds for granting exemption, but no such exemption shall be granted on account of adverse climatic conditions.

(*b*) No cow shall be withdrawn from the official test before she has completed 300 days from the commencement of her record or has ceased to yield milk before the expiration of that period except in cases of sale, sickness or accident, when permission to withdraw may be granted by the animal husbandry officer in control of milk recording in that area, and this officer may, if in his opinion there is no justification for withdrawal, require the cow to complete her test.

(*c*) The Government shall have the right to make use of the data obtained in respect of the testing and recording of such herds for progeny testing of bulls or other research purposes.

(*d*) Particulars of the feeding of each cow tested will be entered each month on the test sheets by the department's official milk recorder or the animal husbandry officer in control of milk recording in that area. The quantity of concentrates or roughage fed daily and condition of the pasture, if pasture is utilised, must be stated.

(*e*) The keeping of daily weights will be optional, and owners preferring not to keep such will be allowed to record the weight of milk yielded by each cow at each milking on two days each week; the days on which the weights are to be taken must be stated by the owner when making application to have his herd tested, and shall be rigidly adhered to unless permission to alter them is obtained from the animal husbandry officer in control of milk recording in that area. In cases where daily weights are not taken the total weight of milk for the month (30 days' period) shall be arrived at by multiplying the average daily weight of milk yielded on the days the milk has been weighed by 30; the weights of milk recorded by the official milk recorder during his forty-eight hours' test also being taken into account for this purpose.

(*b*) Wanneer meer as tien maar hoogstens twintig koeie van dieselfde eienaar tegelyk en op dieselfde perseel getoets word, is die bedrag vir die toets van die eerste tien koeie soos bepaal in (*a*) en vir elke daaropvolgende koei 2s. 6d. per besoek.

(*c*) Wanneer meer as twintig koeie tegelyk en op dieselfde perseel getoets word, is die bedrag vir die toets van die eerste twintig koeie soos bepaal in (*a*) en (*b*) en vir elke daaropvolgende koei 2s. per besoek.

(*d*) Telers wat hul opreggeteelde kudde vir die offisiële toets ingeskryf het en ook begerig is om al hul ongeregistreerde of graadkoeie terselfdertyd en op dieselfde perseel te laat toets, betaal in die geval van geregistreerde koeie die bedrae voorgeskryf in (*a*), (*b*) en (*c*), en 6d. per ongeregistreerde of graadkoei per besoek. Die toets waaraan sodanige ongeregistreerde of graadkoeie onderwerp word, duur egter slegs 24 uur.

3. Alle telers wat gebruik wil maak van die diens waarvoor in voorgaande regulasie voorsiening gemaak word, moet wanneer hulle aansoek doen om hul kudde te laat toets, 'n verklaring onderteken waarin hulle onderneem om aan die volgende voorwaardes te voldoen:—

(*a*) Iedere koei in die kudde moet elke keer wanneer sy kalf, offisieel getoets en aangeteken word: Met dien verstande dat daar op aanbeveling van die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in daardie gebied, by die Hoof van die Afdeling Veeteelt vrystelling verkry kan word ten opsigte van koeie wat aan 'n siekte of aan die gevolge van 'n ongeluk ly of om ander spesiale redes wat, na die mening van sodanige beampte, goeie en geldige gronde is vir die toestaan van vrystelling, maar geen sodanige vrystelling word op grond van ongunstige klimaatstoestande verleen nie.

(*b*) Geen koei mag aan die offisiële toests onttrek word alvorens sy 300 dae van die begin van haar aantekening af voltooi het nie of tensy sy voor afloop van daardie tydperk opdroog, uitgesonderd in gevalle van verkoping, siekte of ongelukke wanneer verlof om die koeie te onttrek, toegestaan kan word deur die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in daardie gebied, en hierdie beampte kan, as daar volgens sy oordeel geen regverdiging vir die onttrekking bestaan nie, eis dat die koei haar toets moet voltooi.

(*c*) Die Staat behou die reg voor om die gegewens verkry ten opsigte van die toetsing en aantekening van sodanige kuddes, vir die nageslagtoetsing van bulle of vir ander navorsingsdoeleindes te gebruik.

(*d*) Besonderhede omtrent die voeding van iedere koei wat getoets word, word elke maand op die toetskaarte opgeteken deur die Departement se Offisiële Melkaantekenaar of die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in daardie gebied. Die hoeveelheid kragvoer of ruvoer wat daagliks gevoer word en die toestand van die weiding indien weiding gebruik word, moet vermeld word.

(*e*) Daaglikse aantekening van gewigte is opsioneel en eienaars wat verkies om dit nie te doen nie, word toegelaat om twee dae per week die gewig van iedere koei se melk, elke maal as sy gemelk word, aan te teken. Wanneer die eienaar aansoek doen om sy kudde te laat toets, moet hy meld op watter dae die melk geweeg sal word, en daarna moet hy hom stiptelik daarby hou tensy verlof tot verandering daarvan van die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in daardie gebied verkry word. In gevalle waar nie die melk daaglik geweeg word nie, moet die totale gewig aan melk vir die maand (tydperk van 30 dae) bereken word deur die gemiddelde gewig van die daaglikse melkopbrengs op die dae waarop die melk geweeg is, met 30 te vermenigvuldig; die melkgewigte deur die Offisiële Melkaantekenaar gedurende sy toets van 48 uur aangeteken, word ook vir hierdie doel bygereken.

(*f*) Official certificates of performance shall be issued at the request of the owner in respect of all cows which complete a minimum of 240 days under test.

All such official certificates must bear a 1s. (one shilling) revenue stamp affixed before being issued, as required by Government Notice No. 1315 of 17th August, 1921, and the cost of the stamp must be borne by the owner of the cow.

(*g*) All records will be published annually in the form of individual records, herd averages and progeny tests of bulls by the Division of Animal Husbandry.

4. Breeders who are testing registered cows under this scheme shall be allowed to submit such number of these cows as is approved by the Chief of the Division of Animal Husbandry to a twenty-four hour's test for solids-not-fat which test will be carried out simultaneously with the butterfat test, but once a cow has been entered for such a test the owner shall not have the right to withhold her from the solids-not-fat test before she has completed 300 days from the commencement of her record, or has ceased to yield milk before the expiration of that period, except in cases where permission to withdraw has been granted by the animal husbandry officer in control of milk recording in that area.

(*a*) The owner shall supply suitable containers for taking the milk samples required for the solids-not-fat test and shall also provide such facilities as the animal husbandry officer concerned may consider necessary.

(*b*) The completed records of all cows tested for solids-not-fat will be published.

5. (*a*) Application for the official testing and recording of pure-bred registered herds under this scheme must be made on the form supplied for the purpose and obtainable from the Chief of the Division of Animal Husbandry, Department of Agriculture, Pretoria, or from the animal husbandry officer in control of milk recording in that area. Except in cases where application is made through a recognised breed society or association, the form must, after completion, be forwarded, together with a deposit of £3 (three pounds), to the Chief of the Division of Animal Husbandry, Pretoria.

(*b*) Accounts for the fees due will be rendered monthly and must be paid within thirty days of the date on which they are sent out. In the event of such accounts being unpaid at the expiration of this period, the Chief of the Division of Animal Husbandry shall have the right to refuse further service and to cancel the official milk recorder's visits.

6. Where application is made for the entry of herds for the official test under this scheme through the recognised breed societies or associations of which the applicants are members, the societies or associations shall forward all approved applications received from its members to the Chief of the Division of Animal Husbandry, Pretoria, and thereafter the societies or associations shall be responsible to the department for the payment of all fees which subsequently become due in respect of testing herds for such members.

Certificates in respect of cows owned by breeders entering cows through a bread society or association shall be forwarded to the society or association concerned, and not direct to the owner.

7. All breeding particulars and identification marks of cows tested under the scheme must be submitted to the department's official milk recorder by the owner at the time the first test of the lactation is taken.

8. All owners entering cows for the official test under this scheme will be supplied, free of charge, with the necessary official weight books in which to enter the weight of milk yielded by each cow.

(*f*) Offisiële produksiesertifikate word op versoek van die eienaar uitgereik ten opsigte van alle koeie wat 'n minimum tydperk van 240 dae onder die toets voltooi.

Ou iedere sodanige sertifikaat moet 'n inkomsteseël van 1s. (een sjieling) geplak word voordat dit uitgereik word, soos vereis by Goewermentskennisgewing No. 1315 van 17 Augustus 1921, en die koste van die seël moet deur die eienaar van die koei gedra word.

(*g*) Alle aantekenings word jaarliks deur die Afdeling Veeteelt in die vorm van afsonderlike aantekenings, kuddegemiddeldes en nageslagtoetse van bulle gepubliseer.

4. Telers wat geregistreerde koeie onder hierdie skema laat toets, word toegelaat om soveel van daardie koeie as wat die Hoof van die Afdeling Veeteelt toelaat, te onderwerp aan 'n toets van 24 uur vir vetvrye vastestowwe, en hierdie toets word gelyktydig met die bottervettoets uitgevoer, maar nadat 'n koei eers eenmaal vir sodanige toets ingeskryf is, het die eienaar nie die reg om haar aan die toets vir vetvrye vastestowwe te onttrek alvorens sy 300 dae van die begin van haar aantekeninge af voltooi het nie of tensy sy voor afloop van daardie tydperk opdroog, uitgesonderd in gevalle waar die veeteeltbeampte in beheer van melkaantekeninge in daardie gebied toestemming tot onttrekking verleen het.

(*a*) Die eienaar moet geskikte houers verskaf vir die melkmonsters wat geneem word vir die toets vir vetvrye vastestowwe en hy moet ook sodanige fasiliteite verskaf as wat nodig geag mag word deur die betrokke Veeteeltbeampte.

(*b*) Die voltooide aantekenings van alle koeie wat aan die toets vir vetvrye vastestowwe onderwerp is, word gepubliseer.

5. (*a*) Aansoeke om die offisiële toetsing en aantekening van opreggesteelde geregistreerde koeie ooreenkomstig hierdie skema, moet gedoen word op die vorm wat vir die doel verskaf word en verkrygbaar is by die Hoof van die Afdeling Veeteelt, Department van Landbou, Pretoria, of by die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in die betrokke gebied. Uitgesonderd in gevalle waar aansoeke deur bemiddeling van 'n erkende Rasgenootskap of -vereniging gedoen word, moet die vorm, nadat dit ingevul is, saam met 'n deposito van £3 (drie pond) gestuur word aan die Hoof van die Afdeling Veeteelt, Pretoria.

(*b*) Rekenings vir die verskuldigde gelde word maandeliks uitgestuur en moet betaal word binne dertig dae van die datum af waarop hulle uitgestuur is. As sodanige rekenings na afloop van hierdie tydperk nog nie vereffen is nie, het die Hoof van die Afdeling Veeteelt die reg om verdere dienste te weier en die besoeke van die Offisiële Melkaantekenaar te laat staak.

6. Wanneer daar deur bemiddeling van die erkende Rasgenootskappe of -verenigings waarvan die applikante lede is, aansoek gedoen word om die inskrywing van kuddes vir die offisiële toets ooreenkomstig hierdie skema, moet die Genootskappe of Verenigings alle goedgekeurde aansoeke van sy lede ontvang, na die Hoof van die Afdeling Veeteelt, Pretoria, aanstuur, en daarna word die betrokke genootskappe of verenigings aanspreeklik gehou vir die betaling aan die Departement van alle gelde wat later verskuldig mag wees ten opsigte van die toets van die kuddes van sodanige lede.

Sertifikate ten opsigte van koeie wat die eiendom is van telers wat die koeie deur bemiddeling van 'n rasgenootskap of -vereniging inskryf, word aan die betrokke genootskap of vereniging gestuur en nie regstreeks aan die eienaar nie.

7. Alle teeltbesonderhede en identifikasiemerke van koeie ooreenkomstig hierdie skema getoets, moet deur die eienaar aan die Departement se Offisiële Melkaantekenaar besorg word wanneer die eerste toets van die melkvloei geneem word.

8. Die nodige amptelike gewigboeke waarin die gewig aan melk wat elke koei lewer, opgeteken moet word, word kosteloos verskaf aan alle eienaars wat koeie inskryf vir die amptelike toets onder hierdie skema.

(*a*) The owner will be held responsible for the entering and totalling of all milk weights in the daily weight book.

(*b*) All byre sheets must be retained by the owner for a period of two years.

9. (*a*) Official records shall be for a lactation period of 300 days, commencing not earlier that the fourth day after calving. Owners may, however, continue cows in test up to 365 days.

(*b*) No test for butterfat will be taken by the official milk recorder until eight days have elapsed since the cow calved, or until such time as her milk, when boiled, does not coagulate.

(*c*) There shall not be less than two or more than three milkings in the twenty-four hours; provided that the Chief of the Division of Animal Husbandry may grant permission for a cow yielding the following minimum quantities of milk on three milkings per day, to be milked four times daily:—

Cows less than 3 years of age at calving—5 gallons per diem.

Cows between 3 and 4 years of age at calving—6 gallons per diem.

Cows between 4 and 5 years of age at calving—7 gallons per diem.

Cows over 5 years of age at calving—8 gallons per diem.

Four milkings per day shall, however, cease when the cow's daily yield has dropped to 10 lb. below the above minimum requirements for cows of her age at calving.

UNREGISTERED OR GRADE COWS.

10. To record and test herds of grade cattle, the fees for the services of the official milk recorder will be as follows:—

15s. per visit for up to 20 cows tested at the same time on the same premises, and 6d. per cow per visit for all over that number.

11. The following conditions shall operate:—

(*a*) Every cow in the herd must be recorded and tested every lactation, and if the owner refuses to agree to this stipulation the department shall refuse the service. Cows suffering from sickness or accident and such as are over ten years old or for any other valid reason may be exempted at the discretion of the animal husbandry officer in control of milk recording in that area.

(*b*) Each cow shall be submitted to a twenty-four hours' test by the official milk recorder once as near as possible every thirty days.

(*c*) The taking of daily weights shall be optional, but the weighing and recording of the milk of each cow at each milking is strongly advocated, and, in order to encourage this, owners will be supplied free of charge with byre sheets for use in the cow-shed.

Farmers, however, who are not prepared to record daily weights may either—

(i) record the weights of milk on one fixed day in each week and have the month's yield calculated from the average of such weights and those obtained by the official milk recorder during his twenty-four hours' test; or

(ii) may have the month's yield based on the official milk recorder's weights only, and themselves not record any weights at all.

12. Farmers requiring official certificates in respect of grade cows must notify the Chief of the Division of Animal Husbandry accordingly and forward a 1s. revenue stamp for each certificate applied for, on receipt of which an official certificate will be issued.

(*a*) Die eienaar word verantwoordelik gehou vir die aantekening en optelling van alle melkgewigte in die daaglikse gewigboek.

(*b*) Alle stal-gewiglyste moet vir 'n tydperk van twee jaar deur die eienaar bewaar word.

9. (*a*) Amptelike aantekenings moet vir 'n melkvloeitydperk van 300 dae gehou word, en daarmee moet nie 'n aanvang gemaak word voor die vierde dag nadat die koei gekalf het nie. Eienaars kan egter vir 365 dae met die toetsing voortgaan.

(*b*) Geen bottervettoets word deur die Offisiële Melkaantekenaar uitgevoer voordat 8 dae verloop het nadat die koeie gekalf het nie, of voordat die melk nie meer dik word as dit gekook word nie.

(*c*) 'n Koei moet minstens tweemaal en hoogstens driemaal binne 24 uur gemelk word: Met dien verstande dat die Hoof van die Afdeling Veeteelt daartoe verlof kan verleen dat 'n koei wat die volgende minimum hoeveelhede melk lewer as sy driemaal per dag gemelk word, viermaal per dag gemelk kan word:—

'n Koei wat jonger as 3 jaar was toe sy gekalf het—5 gelling per dag.

'n Koei wat tussen 3 en 4 jaar was toe sy gekalf het—6 gelling per dag.

'n Koei wat tussen 4 en 5 jaar was toe sy gekalf het—7 gelling melk per dag.

'n Koei wat 5 jaar of ouer was toe sy gekalf het—8 gelling per dag.

Eienaars moet egter ophou om die koei viermaal per dag te melk as haar daaglikse melkopbrengs gedaal het tot 10 lb. onder die minimum vereistes vir 'n koei van haar ouderdom by kalwing.

ONGEREGISTREERDE OF GRAADKOEIE.

10. Ten einde aantekeninge van kuddes graadbeeste te hou en hulle te toets, is die gelde vir die dienste van die Offisiële Melkaantekenaar as volg:—

15s. per besoek vir hoogstens 20 koeie wat gelyktydig op dieselfde perseel getoets word, en 6d. per koei per besoek vir almal bo daardie getal.

11. Onderstaande voorwaardes is van toepassing:—

(*a*) Elke koei in die kudde moet getoets en aantekening van elke melkvloeitydperk gehou word, en as die eienaar hierdie voorwaarde nie wil aanvaar nie, weier die Departement om die diens te lewer. Die veeteeltbeampte in beheer van melkaantekeninge in die betrokke gebied kan na goeddunke enige koei vrystel weens siekte of ongeluk, of ouderdom (ouer as 10 jaar), of weens enige ander gegronde rede.

(*b*) So na moontlik eenmaal elke dertig dae moet iedere koei deur die Offisiële Melkaantekenaar aan 'n toets van 24 uur onderwerp word.

(*c*) Die aantekening van daaglikse gewigte is opsioneel, maar daar word sterk aanbeveel dat die melk van elke koei iedere melktyd geweeg en aangeteken moet word, en ten einde hierdie praktyk aan te moedig, word stalgewiglyste kosteloos aan eienaars verskaf.

Boere wat egter nie bereid is om daagliks die gewigte aan te teken nie, kan of—

(i) die melkgewigte op een vasgestelde dag elke week aanteken en die opbrengs vir die maand bereken uit die gemiddelde van sodanige gewigte en dié wat deur die Offisiële Melkaantekenaar gedurende sy toets van 24 uur verkry is; òf

(ii) die maand se opbrengs slegs op die Offisiële Melkaantekenaar se gewigte baseer, sonder om self enige gewigte aan te teken.

12. Boere wat amptelike sertifikate verlang ten opsigte van graadkoeie moet die Hoof van die Afdeling Veeteelt dienooreenkomstig in kennis stel en 'n inkomsteseël van 1s. aanstuur vir elke sertifikaat wat aangevra word. Op ontvangs daarvan word 'n amptelike sertifikaat uitgereik.

13. (*a*) Application for the official testing and recording of unregistered or grade herds under this scheme must be made on the form issued for the purpose and obtainable from the Chief of the Division of Animal Husbandry, Pretoria, or from the animal husbandry officer in control of milk recording in that area, and after completion, must be forwarded together with a deposit of 30s. (thirty shillings) to the Chief of the Division of Animal Husbandry, Pretoria.

(*b*) Accounts for the fees due will be rendered monthly and must be paid within thirty days of the date on which they are sent out. In the event of such accounts being unpaid at the expiration of this period, the Chief of the Division of Animal Husbandry shall have the right to refuse further service and to cancel the official milk recorder's visits.

14. All breeding particulars and identification marks of cows tested under the scheme must be submitted to the department's official milk recorder by the owner at the time the first test of the lactation is taken.

GENERAL.

15. All breeders and farmers entering cows, whether registered or unregistered, for the test under this scheme, will be required to provide the official milk recorder with suitable board and lodging, free of charge, during the whole of the period it is necessary for him to remain on their property.

It shall also be their duty to convey the official milk recorder free of charge, from the railway station to the farm, if it is necessary for him to travel by rail, and likewise convey him back to the railway station or to the next farm he has to visit, as the animal husbandry officer in control of milk recording in that area may determine.

Should it be necessary for the official milk recorder to be conveyed to a railway station, it shall further be the duty of the breeder or farmer, to deliver him there at a time suitable for the next most convenient train.

In the event of a breeder or farmer, not providing the official milk recorder with transport in terms of this regulation, the official milk recorder shall be at liberty to hire the necessary transport, and the expenditure incurred in this connection will be recovered by the department from the breeder or farmer concerned.

Should the breeder or farmer be unable to provide the official milk recorder with suitable accommodation in the near vicinity of his work, satisfactory arrangements for such must be made by the breeder or farmer concerned.

In the event of a breeder or farmer refusing to have the official milk recorder over a week-end, or at any time at which the official milk recorder may arrange to visit such breeder or farmer, any expense which the official milk recorder may incur in consequence of meeting the desires of the breeder or farmer, shall be recoverable by the department from such breeder or farmer.

Should an owner for unjustifiable reasons, fail to meet the official milk recorder at the advised time and place he will not be entitled to another visit during that month.

16. Whenever possible, the official milk recorder will be present at the milking previous to the first milking taken for the monthly test in order to see that the cows are all milked dry.

17. The animal husbandry officer in control of milk recording in that area may at his discretion arrange at any time a check test or visit without previously notifying the owner.

18. (*a*) It shall be the duty of every breeder or farmer whose herd is being officially tested and recorded under this scheme to maintain in the books provided for the purpose all records of weights of milk yielded by the cows in test in an accurate and satisfactory manner.

(*b*) Where other than broken coloured animals are being tested, each cow must be branded, tattooed, or otherwise indelibly marked with a distinctive brand, mark, or number, or combination thereof by the farmer.

13. (*a*) Aansoek om die amptelike toetsing en aantekening van ongeregistreerde en graadkuddes onder hierdie skema moet gedoen word op die vorm wat vir hierdie doel verskaf word en verkrygbaar is by die Hoof van die Afdeling Veeteelt, Pretoria, of by die veeteeltbeampte in beheer van melkaantekeninge in die betrokke gebied. Nadat die vorm ingevul is, moet dit saam met 'n deposito van 30s. (dertig sjielings) aan die Hoof van die Afdeling Veeteelt, Pretoria, gestuur word.

(*b*) Rekenings vir die gelde verskuldig word maandeliks uitgestuur en moet betaal word binne dertig dae na die datum waarop hulle uitgestuur word. Indien sodanige rekenings na afloop van hierdie tydperk nog nie vereffen is nie, het die Hoof van die Afdeling Veeteelt die reg om te weier om verdere dienste te lewer en om die besoeke van die Offisiële Melkaantekenaar te laat staak.

14. Alle teeltbesonderhede en identifikasiemerke van koeie ooreenkomstig hierdie skema getoets, moet deur die eienaar aan die Departement se Offisiële Melkaantekenaar gestuur word wanneer die melkvloei vir die eerste keer getoets word.

ALGEMEEN.

15. Alle telers en boere wat koeie, hetsy geregistreerde of ongeregistreerdes, onder hierdie skema vir die toets laat inskryf, moet die Offisiële Melkaantekenaar gratis voorsien van geskikte kos en inwoning gedurende die hele tydperk wat dit vir hom nodig is om op hul eiendom te vertoef.

Ook moet hulle die Offisiële Melkaantekenaar gratis van die spoorwegstasie na die plaas vervoer, indien hy per trein moet reis, en eweneens moet hulle hom na die spoorwegstasie toe terugbring of na die volgende plaas wat hy moet besoek na gelang die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in daardie gebied mag bepaal.

As dit nodig is dat die Offisiële Melkaantekenaar na 'n spoorwegstasie vervoer moet word, moet die teler of boer ook sorg dat hy betyds daar gebring word vir die trein wat vir hom die gerieflikste loop.

Ingeval 'n teler of boer nie aan die Offisiële Melkaantekenaar die nodige vervoer ingevolge hierdie regulasie verskaf nie, staan dit die Offisiële Melkaantekenaar vry om die nodige vervoermiddel te huur en die onkoste daaraan verbonde word dan deur die Departement op die betrokke boer verhaal.

As die teler of boer nie in staat is om die Offisiële Melkaantekenaar geskikte huisvesting in die nabyheid van sy werk te verskaf nie, moet die betrokke teler of boer bevredigende reëlings daarvoor tref.

In die geval waar 'n teler of boer weier om die Offisiële Melkaantekenaar gedurende 'n naweek te ontvang of op enige ander tyd wanneer die Offisiële Melkaantekenaar reëlings mag tref om sodanige teler of boer te besoek, kan die Departement enige onkoste wat die Offisiële Melkaantekenaar moet aangaan as gevolg van sy poging om aan die wense van die teler of boer te voldoen, op die betrokke teler of boer verhaal.

Indien 'n eienaar om enige ongegronde rede versuim om die Offisiële Melkaantekenaar op die vasgestelde tyd of plek te ontmoet, is hy nie geregtig op 'n verdere besoek gedurende daardie maand nie.

16. Wanneer ook al moontlik, sal die Offisiële Melkaantekenaar teenwoordig wees by die melking net voor die begin van elke maandelikse toets, ten einde toe te sien dat die koeie almal behoorlik drooggemelk word.

17. Die Veeteeltbeampte in beheer van Melkaantekeninge in die betrokke gebied kan na goeddunke op enige tyd reëlings tref vir 'n kontroletoets of besoek om die eienaar vooraf daarvan in kennis te stel.

18. (*a*) Elke teler of boer wie se kudde amptelik onder hierdie skema getoets en aangeteken word, moet alle aantekeninge van gewigte van die melkopbrengs van koeie wat getoets word, noukeurig en op 'n bevredigende wyse hou in die boeke wat vir hierdie doel verskaf word.

(*b*) Wanneer ander diere as oneffekleuriges getoets word, moet elke koei deur die boer gebrandmerk, getatoeëer of andersins met 'n onuitwisbare brandmerk, merk of nommer of kombinasie daarvan gemerk word.

(*c*) Where a herd is accepted under the scheme and no test is taken within the first two months from the commencement of a cow's lactation, owner's weights will be taken into account for purposes of official records only over a maximum period of 42 days prior to the commencing date of the first test such cow receives.

(*d*) No further tests shall be taken by the official milk recorder when the milk yield has normally dropped to below 5 lb. per day.

19. Notwithstanding anything to the contrary which may appear to be indicated in these regulations, no person shall have the right to demand the services described in this scheme, if for any reason whatsoever the department is not in a position to provide such services.

20. In the event of any difference of opinion in regard to the interpretation of any of these regulations, or in the event of any question arising for which no provision is made in these regulations, the Chief of the Division of Animal Husbandry shall be the sole arbiter in such cases, and his decision in the matter shall be final.

21. The Chief of the Division of Animal Husbandry shall have the right, without being obliged to furnish reasons, to refuse to issue a certificate or to issue a certificate for the record based on the official milk recorder's weights only, in respect of any cow in regard to the accuracy of whose record he is not satisfied, and shall not be held responsible for any loss occasioned thereby.

22. (*a*) The feeding of whole milk, cream, or eggs to cows under test is prohibited, as is also the dosing of them with stimulants, medicines, or concoctions calculated in the opinion of the Chief of the Division of Animal Husbandry to temporarily and abnormaly affect their production, and certificates will not be issued or records published in respect of cows so fed or treated.

(*b*) Owners may be required to furnish to the Chief of the Division of Animal Husbandry a declaration as to the foods and quantities of each comprising the rations fed to their cows during the period they are under test, and, if deemed necessary, must permit samples of the different foods to be taken for analysis.

23. The Chief of the Division of Animal Husbandry may withdraw the service from any breeder or farmer who contravenes these regulations.

24. Reprints of these regulations can be obtained from all official milk recorders, animal husbandry officers in control of milk recording in the different areas, and the Chief of the Division of Animal Husbandry, Agriculture Building, Pretoria.

✱ No. 870.] [30 April 1954.

MEALIE CONTROL SCHEME.—APPLICATION FOR REGISTRATION.

His Excellency, the Governor-General has, under the powers vested in him by section *forty-three* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, read with section 28 of the Mealie Control Scheme published under Proclamation No. 77 of 1939, as amended, and with effect from the date of publication hereof, made the following regulations in substitution of the regulations published by Government Notice No. 645 of 1939, as amended by Government Notice No. 390 of 1947, Government Notice No. 974 of 1950 and Government Notice No. 2118 of 1951:—

1. Every person who desires to be registered under section 28 of the Mealie Control Scheme, published by Proclamation No. 77 of 1939, as amended, shall submit to the Mealie Industry Control Board, P.O. Box 669, Pretoria, an application for registration, signed by him or by some person authorised by him in the form prescribed—

(*a*) in Schedule E hereto if such person desires to be registered under paragraph (*a*) of subsection (1) of the said section;

(*c*) Waar 'n kudde onder hierdie skema aangeneem word en geen toets gedurende die eerste twee maande na die aanvang van die melkvloeitydperk uitgevoer word nie, word die gewigte soos aangeteken deur die eienaar vir amptelike doeleindes in aanmerking geneem slegs vir 'n tydperk van hoogstens 42 dae voor die aanvangsdatum van die eerste toets waaraan sodanige koei onderwerp word.

(*d*) Geen verdere toetse word deur die Offisiële Melkaantekenaar uitgevoer nadat die melkopbrengs normaalweg tot onder 5 lb. per dag gedaal het nie.

19. Ondanks enigiets in hierdie regulasies vervat wat blykbaar die teendeel aandui, het niemand die reg om die dienste in hierdie skema omskrewe te eis, indien die Departement, om watter rede ook al, nie in staat is om sodanige dienste te verskaf nie.

20. Waar 'n meningsverskil in verband met die vertolking van hierdie regulasies ontstaan, of waar enige ander vraagstuk ontstaan waarvoor in hierdie regulasies geen voorsiening gemaak word nie, is die Hoof van die Afdeling Veeteelt in sodanige gevalle die enigste arbiter en gee hy die eindbeslissing in die saak.

21. Die hoof van die Afdeling Veeteelt het die reg om, sonder dat hy enige redes daarvoor hoef te verstrek, die uitreiking van 'n sertifikaat te weier of om 'n sertifikaat uit te reik ten opsigte van aantekeninge wat slegs op die Offisiële Melkaantekenaar se gewigte gebaseer is, ten opsigte van enige koei waarvan hy nie oortuig is dat die aantekeninge juis is nie, en voorts is hy ook nie aanspreeklik vir enige verlies daardeur veroorsaak nie.

22. (*a*) Die voer van volmelk, room of eiers aan koeie wat getoets word, word verbied, asook die toediening van stimuleermiddels, medisyne of brousels wat na die mening van die Hoof van die Afdeling Veeteelt daarop bereken is om die melkopbrengs van die koeie tydelik en abnormaal te beïnvloed, en geen sertifikate word uitgereik of aantekeninge gepubliseer ten opsigte van koeie wat op hierdie wyse gevoer of behandel word nie.

(*b*) Van eienaars kan ge-eis word dat hulle aan die Hoof van die Afdeling Veeteelt 'n verklaring moet verstrek in verband met die voersoorte en hoeveelhede van elke soort in die rantsoene gedurende die toetstydperk aan hul koeie gevoer, en indien nodig geag, moet hulle toelaat dat monsters van die verskillende voerstoorte vir ontleding geneem word.

23. Die Hoof van die Afdeling Veeteelt kan dienste staak in die geval van enige teler of boer wat hierdie regulasies oortree.

24. Herdrukke van hierdie regulasies is verkrygbaar by alle Offisiële Melkaantekenaars, veeteeltbeamptes in beheer van melkaantekeninge in die verskillende gebiede en die Hoof van die Afdeling Veeteelt, Landbougebou, Pretoria.

✱ No. 870.] [30 April 1954.

MIELIEREËLINGSKEMA.—AANSOEK OM REGISTRASIE.

Sy Eksellensie, die Goewerneur-generaal het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie-en-veertig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, gelees met artikel 28 van die Mielieregelingskema gepubliseer by Proklamasie No. 77 van 1939, soos gewysig, met ingang van die datum van publikasie hiervan, die volgende regulasies gemaak ter vervanging van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 645 van 1939, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 390 van 1947, Goewermentskennisgewing No. 974 van 1950 en Goewermentskennisgewing No. 2118 van 1951:—

1. Elke persoon wat verlang om kragtens artikel 28 van die Mielieregelingskema, gepubliseer by Proklamasie No. 77 van 1939, soos gewysig, geregistreer te word, moet aan die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid, Posbus 669, Pretoria, 'n aansoek onderteken deur hom of deur iemand wat hy daartoe gemagtig het, voorlê in die vorm voorgeskryf—

(*a*) in Bylae E hiervan, indien sodanige persoon verlang om kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van die genoemde artikel geregistreer te word;

(*b*) in Schedule F hereto if such person desires to be registered under paragraph (*b*) of sub-section (1) of the said section;

(*c*) in Schedule G hereto if such person desires to be registered under sub-section (3) of the said section.

2. A separate form of application shall be submitted in respect of each premises on which the person who desires to be registered intends to conduct the business in respect of which such registration is desired.

3. Any certificate of registration issued in pursuance of an application under these regulations shall specify the premises on which the business mentioned in that certificate may be conducted.

SCHEDULE E.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF PARAGRAPH (*a*) OF SUB-SECTION (1) OF SECTION 28 OF THE MEALIE CONTROL SCHEME PUBLISHED UNDER PROCLAMATION No. 77 OF 1939, AS AMENDED, BY ANY PERSON INTENDING TO PURCHASE OR OTHERWISE ACQUIRE MEALIES OR MEALIE PRODUCTS FROM A PRODUCER THEREOF.

1. Full name of applicant (if company or partnership, full names of directors and secretary or partners).....
.....

2. Trade name.....

3. (*a*) Name and number of farm or site where business is to be conducted.....

(*b*) Magisterial district in which farm or site where business is to be conducted, is situated.....
.....

(*c*) Full postal address of store or trading site.....
.....

(*d*) Full postal address to which correspondence must be directed.....
.....

4. (*a*) Does applicant possess a general dealer's business?
.....

(*b*) How long has applicant been established in the mealie trade at present address? (If less than five years give previous addresses).....
.....
.....

(*c*) Has applicant ever conducted business under another name?.....If so, give particulars
.....
.....

(*d*) Is applicant a producer of mealies as defined in the Mealie Control Scheme published under Proclamation No. 77 of 1939, as amended? (See Note 4 overleaf).....

5. *Storage.*

(*a*) State storage capacity available for mealies..... bags.

(*b*) State total storage capacity available for all types of grain.....bags.

(*c*) State where the stores are situate, indicating—

(i) nearest Railway Station and distance therefrom.....

(ii) nearest town and distance therefrom.....
.....

(*d*) Give a brief description of the dimensions and construction of each storage unit (e.g. brick walls, iron roof, etc.).....
.....
.....
.....

(*b*) in Bylae F hiervan, indien sodanige persoon verlang om kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van die genoemde artikel geregistreer te word;

(*c*) in Bylae G hiervan, indien sodanige persoon verlang om kragtens subartikel (3) van die genoemde artikel geregistreer te word.

2. 'n Aparte aansoekvorm moet voorgelê word ten opsigte van elke perseel waarop die persoon wat verlang om geregistreer te word, voornemens is om die besigheid te dryf ten opsigte waarvan sodanige registrasie verlang word.

3. Enige registrasiesertifikaat uitgereik ingevolge 'n aansoek kragtens hierdie regulasies, moet die perseel aandui waarop die besigheid in daardie sertifikaat genoem, gedryf mag word.

BYLAE E.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS PARAGRAAF (*a*) VAN SUBARTIKEL (1) VAN ARTIKEL 28 VAN DIE MIELIEREËLINGSKEMA GEPUBLISEER BY PROKLAMASIE No. 77 VAN 1939, SOOS GEWYSIG, DEUR ENIGE PERSOON WAT VOORNEMENS IS OM MIELIES OF MIELIEPRODUKTE VAN 'N PRODUSENT DAARVAN AAN TE KOOP OF ANDERSINS TE VERKRY.

1. Volle naam van applikant (indien maatskappy of vennootskap, volle name van direkteure en sekretaris, of vennote).....
.....

2. Handelsnaam.....

3. (*a*) Naam en nommer van plaas of perseel waarop besigheid gedryf sal word.....
.....

(*b*) Magistraatsdistrik waarin plaas of perseel geleë is
.....
waar besigheid gedryf sal word.....
.....

(*c*) Volledige posadres van winkel of handelsperseel
.....

(*d*) Volledige posadres waarheen korrespondensie gestuur moet word.....
.....

4. (*a*) Besit applikant 'n algemene handelaarsbesigheid?
.....

(*b*) Hoe lank is applikant in die mieliehandel gevestig by die huidige adres? (Indien minder as vyf jaar verstrek vorige adresse).....
.....
.....

(*c*) Het applikant ooit besigheid onder 'n ander naam gedryf?.....Indien wel, verstryk besonderhede.....
.....
.....

(*d*) Is applikant 'n produsent van mielies soos omskryf in die Mieliereëlingskema gepubliseer by Proklamasie No. 77 van 1939, soos gewysig? (Sien Opm. 4 op die keersy hiervan).....

5. *Opbergingsruimte.*

(*a*) Meld opbergingsruimte vir mielies beskikbaar .....sakke.

(*b*) Meld totale opbergingsruimte beskikbaar vir alle soorte graan.....sakke.

(*c*) Meld ligging van skure, met aanduiding van—

(i) naaste spoorwegstasie en afstand daarvandaan.....

(ii) naaste dorp en afstand daarvandaan.....
.....

(*d*) Gee 'n kort omskrywing van die afmetings en konstruksie van elke opbergingseenheid (bv. steenmure, sinkdak, ens.).....
.....
.....
.....

I, the undersigned, hereby state that the information furnished above, is true and correct, and in the event of my application being granted, I accept the conditions of registration as outlined below.

.....
Signature of applicant.

.....
Date.

CONDITIONS OF REGISTRATION.

Every person registered with the Board shall—

1. (*a*) Upon cancellation of registration return the certificate to the Board in an undamaged condition;

(*b*) display in a prominent place on the premises where he conducts his business or where mealies and/or mealie products are received from producers of mealies—

(i) a clear and legible signboard in English and Afrikaans indicating that he is registered with the Board to purchase mealies and mealie products from producers of mealies;

(ii) a clear and legible schedule of the prices payable to producers for all classes and grades of mealies as laid down from time to time;

(*c*) take delivery of and purchase for cash, at such prices as may be prescribed by Government Notice from time to time, mealies produced in Area B (as defined in Government Notice No. 689 of 1944 as amended) which may be delivered to him by producers, in such quantities as he may require from time to time;

(*d*) purchase for cash, at such prices as may be prescribed by Government Notice from time to time, mealies represented by elevator receipts issued by the South African Railways and Harbours Administration, offered to him by producers of mealies and transfer such elevator receipts free from storage charges to the Board on the day of receipt thereof from producers;

(*e*) not accept delivery of producers' mealies elsewhere than at the premises stated on the certificate of registration or at the producer's nearest railway station or siding;

